15

DIE VERLORE SKAAP

Almal is belangrik vir God

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God vergewe sondaars en bring hulle terug na Hom toe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –
- die gelykenis van die verlore skaap ken.
- weet die herder het die verlore skaap gaan soek en teruggebring na die kudde.
- weet as ons op verkeerde paaie beland, sal God ons soek, ons vergewe en ons weer op die regte pad bring.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat God hulle terug sal bring as hulle op verkeerde paaie is.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees –
- om die gelykenis van die verlore skaap te vertel.
- om verkeerde paaie op te noem waarvan God hulle sal terugbring.

MEER INLIGTING (Lukas 15: 1-7)

Jesus het gewone gebeurtenisse uit die alledaagse lewe gebruik om belangrike dinge oor God en sy kinders te vertel, dinge wat meestal te doen het met God se wil.

So het Jesus byvoorbeeld vertel van ’n man wat honderd skape gehad het. Een van sy skape het weggeraak. Hierdie skaapwagter was baie hartseer en bekommerd oor sy skaap. Die jakkalse

kon dit gevang het; dit kon in ’n bos vasgesit het; iemand kon dit gesteel het. Hy was tot die dood toe bekommerd. Hy het die nege en negentig net so gelos en die een wat weggeraak het, gaan soek. Hy het hom gekry, en hy was so bly dat hy selfs sy vriende en bure bymekaar geroep het om saam met hom bly te wees. Net so, sê Jesus, is daar blydskap in die hemel as een mens wat van die Here af weggedwaal het, weer na die Here toe teruggebring word.

Dit gebeur baie kere dat ons sonde doen en van die Here af wegdwaal. As ons van Hom af wegdwaal, los die Here ons nie net so nie. Hy gaan soek ons en bring ons terug na Hom toe. As ons sonde gedoen het, hoef ons nie bang te wees om weer na God en sy kinders, sy gemeente, terug te keer nie. God sal ons altyd vergewe as ons berou het oor ons sonde, en as ons sê ons is jammer.

Die Fariseërs en die skrifgeleerdes was die godsdiensleiers en die mense wat gedink het hulle ken die Here se reëls die beste. Hulle het gedink mense wat volgens hul menslike reëls sonde doen, mense soos die tollenaars wat die belasting bymekaar gemaak het, word deur God verwerp. Jesus het hierdie gelykenis van die verlore skaap en nog ander gelykenisse vertel om te verduidelik dat God ons vergewe. Ons moet net jammer wees oor ons sonde en weer naby Hom kom lewe.

God is die Herder. Ons is die skape. Ons Herder, die Here, pas ons op. Hy gee om vir ons. Alle mense is vir God ewe belangrik. Hy het nie witbroodjies nie. Hy wil nie hê dat enige een van ons moet seerkry of wegraak nie.

AANBIEDING

Jy het nodig

- ’n Kennisgewing oor ’n verlore hondjie.
- Fotostaat van die skets aan die einde van hierdie les.
- Prestik.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontrole van Les 8, die laaste faseles, is reeds met die hersiening gedoen.

BEGIN SO

- Lees die kennisgewing van die verlore diertjie voor.
- Vra die volgende vrae:
  - Hoe voel julle oor hierdie hondjie wat weggeraak het? *(Hartseer, jammer vir die eienaar, wil help soek, ensovoorts.)*
  - Wie van julle se diertjie het al weggeraak? *(Gee geleentheid dat hulle kan vertel.)*
  - Wat het julle gedoen toe dit weg was? *(Gehuil, was hartseer, was bekommerd, het daarna gaan soek, jy wou dit so graag terughê, ensovoorts.)*

IETS INTERESSANT

- Plaas die skets van die skaap en herder op die bord.
- Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die gelykenis wat Jesus vertel het oor ’n skaap wat weggeraak het. Verduidelik ook die betekenis daarvan.

IETS BELANGRIK

- Brei uit op die betekenis van die gelykenis.
- Noem die verkeerde paaie waarop ons kan afdwaal:
  - Nie lief wees vir die Here nie.
  - Ongehoorsaamheid.
  - Verkeerde maats.
  - Vloek.
  - Steel.
  - Dwelms gebruik.
  - Lelike goed praat.
- Beklemtoon dat –
  - ons vir God kan sê ons is jammer, ons het berou daaroor.
  - God altyd mense vergewe wat berou het, wat jammer is.

IETS OM TE DOEN

Maak die volgende stellings en laat die kinders daaroor praat:

- As ons gesondig het, is daar geen uitweg nie. Ons gaan in die hel beland. *(Daar is altyd ’n uitweg vir sondaars. As ons erken dat ons gesondig het, en sê dat ons jammer is, en vra om vergewe te word, is daar altyd vergifnis. Maar dan moet ons ook bereid wees om nie weer daardie sonde te doen nie.)*
- As jy een keer afgedwaal het, is God en almal in die hemel se harte so seer dat hulle nooit weer sal regkom nie. *(Nee, daar is altyd blydskap in die hemel as selfs net een sondaar terugkom.)*
- Die Here kan jou nie gebruik om iemand weer na Hom toe terug te bring nie – jy moet eers ’n dominee of ’n ouderling wees. *(Die Here gebruik ons almal om vir Hom te werk. Jy hoef selfs nie eens met woorde iemand terug te lei na die Here nie. Jy kan met jou blydskap en mooi lewe mense ook laat wens om kinders van die Here te wees. As hulle jou sien, sal hulle ook graag sy kinders wil wees.)*

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- met hul ouers praat oor iemand by die skool wat hulle weet nie kerk en kategese toe kom nie.
- saam planne maak oor hoe om hom of haar in die kerk en kategese te kry.
- Lukas 15: 7a in hul boeke gaan voltooi: *Ek sê vir julle: Net so sal ..... (daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer...)*
- die volgende sinne voltooi en die inhoud gaan leer:
  - Die Here is my .....*(herder).*

- Hy ..... *(vergewe)* die mense wat afgedwaal het.
- Hy bring hulle ..... (*terug)* na Hom toe.
- Wees saam met my ..... *(bly*), want ek het my skaap wat weg was, weer gekry. (Lukas 15: 6b)
- Alle mense is vir God ewe ..... *(belangrik).*

- ’n skaapwagter wat sy verlore skaap gekry het, gaan teken. Hy is bly en dra die skaap op sy skouers omdat hy omgee.

AFSLUITING

- Sing Gesang 245: 2 saam of lees dit net voor.

  Ek was verlore in my sonde
  en van die goeie weg vervreem.
  Tog doen die Heer aan my die wonder
  om my as kind terug te neem.
  Ek loof en prys U deurentyd,
  ek loof en prys U deurentyd
  en roem u groot barmhartigheid,
  en roem u groot barmhartigheid.

- Sluit af met gebed en vra die Here om al jul sonde te vergewe.

Belangrik:
Die kinders moet onthou om volgende week hul ouers saam te bring klas toe.